



SOEKLIIG

**FOKUS
OP**

OBADJA

Inhoudsopgawe

VOORWOORD	3
VOORWOORD DEUR HANDLEIDING-SAMESTELLER	4
DAG 1 OBADJA	5
DAG 2 OBADJA V. 1a	6
DAG 3 OBADJA V. 1b	7
DAG 4 OBADJA vv. 2, 3 en 4	9
DAG 5 OBADJA v. 5	10
DAG 6 OBADJA v. 6	11
DAG 7 OBADJA v. 7	12
DAG 8 OBADJA v. 8	13
DAG 9 OBADJA v. 9	14
DAG 10 OBADJA v. 10	15
DAG 11 OBADJA v. 11	16
DAG 12 OBADJA v. 12	17
DAG 13 OBADJA v. 13	18
DAG 14 OBADJA v. 14	19
DAG 15 OBADJA v. 15a	20
DAG 16 OBADJA v. 15b	21
DAG 17 OBADJA v. 16	22
DAG 18 OBADJA v. 17	23
DAG 19 OBADJA v. 18a	24
DAG 20 OBADJA v. 18b	26
DAG 21 OBADJA v. 19	27
DAG 22 OBADJA v. 20	28
DAG 23 OBADJA v. 21	29

VOORWOORD

Die Deputate Jeugsorg het die opdrag om aan die verskaffing van goeie geestelike lektuur vir ons jongmense aandag te gee. Een saak wat volgens die deputate prioriteit moet geniet, is om leiding aan jongmense te gee sodat hulle met persoonlike Skrifstudie die Bybel konstruktief en opbouend kan lees. Ons vertrou dat hierdie Bybel-leesgids oor Obadja ons jongmense daarmee kan help.

Die problematiek waarmee ons jongmense as Christen-gelowiges in die negentigerjare te kampe het, is ingewikkeld. Die uitdaging om as geankerde gelowiges koers te hou, is groot. Die bekende woorde van Psalm 119:105 bly onverswak waar: "U woord is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad." Mag hierdie handleiding 'n helder soeklig wees wat die koers duidelik aandui.

Deputate Jeugsorg, 1991.

VOORWOORD DEUR HANDLEIDING-SAMESTELLER

Hierdie Bybelstudiegids is die gevolg van enkele preke wat ek oor Obadja gemaak het. Dit het my belangstelling in die boek geprikkel sodat ek 'n verdere studie van die boek gemaak het.

Obadja is een van die kortste boeke in die Bybel. Dit het maar 21 versies. Maar elke vers het 'n geweldige inhoud. Daarom het ek 'n volle dag aan feitlik elke vers gewy. Soms is 'n dag net aan 'n halwe versie gewy. My bede is dat die Here hierdie handleiding, ten spyte van sy gebreke, ook mag gebruik sodat die jeug tot diepere kennis van God se Woord sal kom.

Tjaart Kruger (VDM),

Pongola, Mei 1989.

INLEIDING

OBADJA is nie 'n boek in die werklike sin van die woord nie. Dit bestaan maar uit een enkele hoofstuk. Obadja sê of vertel ook niks oor homself nie. Al wat ons van hom weet, is die betekenis van sy naam. Die naam Obadja beteken: "Kneg van die Here". Deur sy naam te noem aan die begin van sy boek sê Obadja alles wat hy oor homself wil sê. Hy is 'n kneg en 'n dienaar van God, en dit is genoeg as mense bloot dit weet. Hierna wil hy op die agtergrond tree. Dit is nie die man wat die Woord spreek, wat die belangrikste is nie, maar die Woord wat gespreek word. Dit is nie die saaiër wat die belangrikste is nie, maar die saad. Die saaiër is maar net daar om die saad te saai.

DIE TYD VAN OBADJA SE OPTREDE

Waar Obadja niks verder van hom as persoon sê nie, sou 'n mens verwag dat hy darem iets sou sê van die tyd waarin hy op tree. Maar ook hiervan sê hy niks. Hy val sommer dadelik met die deur in die huis.

In die boek self vind ons egter sekere dinge wat aan ons sê ongeveer wanneer Obadja opgetree het. Obadja se hele boek gaan teen Edom. Die Edomiete is die nageslag van Esau, dus in werklikheid die broervolk (vers 9) van die Jode.

Daar bestaan hoofsaaklik *twee teorieë* oor die tyd van die optrede van Obadja. Sommige sê dat dit plaasgevind het tydens die gebeurtenisse wat in 2 Kronieke 21:16-17 beskryf word. Ander weer, soos ook die Afrikaanse vertaling van 1983, plaas Obadja se optrede na die val van Jerusalem in 586 v.C. In die jaar val Nebukadnesar Palestina binne, verwoes Jerusalem en die tempel en voer die volk in ballingskap weg.

Vir beide standpunte word argumente aangevoer. So word daar gesê dat Obadja se profesie dit wat in verse 17 tot 21 verhaal word, beskou as iets wat reeds gebeur het. Want hy praat daar van ballinge. Die ballinge het eers ongeveer sewentig jaar na die val van Jerusalem onder Esra en Nehemia na Palestina teruggekeer.

Ons hoef egter nie ons koppe te breek oor die presiese tyd van Obadja se optrede nie. Ons weet dat Obadja se profesie oor Edom gaan. Edom het hom verlek oor die swaarkry van die kerk van die Ou Testament.

DIE INHOUD VAN DIE BOEK

Die inhoud van die boek kan in twee dele verdeel word:

- Die straf oor Edom: verse 1 tot 14
- Die dag van die Here: verse 15 tot 21.

GEBEDSRIGLYNE:

- Bid dat die Heilige Gees jou sal lei by die bestudering van hierdie boek.
- Bid vir die kerk van die Here wat vandag nog verdrukking ly as gevolg van bespotting deur die wêreld daarbuite.
- Dank die Here dat jy in 'n tyd leef waar jy vrylik met die Bybel kan verkeer.

DIE AGTERGROND VAN OBADJA**OORSIG****Vers 1a**

Edom is die openbaring van die Antichris.

INSIG

Waar die Nuwe Testament terugwys na Christus wat gekom het, wys die Ou Testament weer vooruit na Christus wat nog sal kom. Die diepe sin van die Ou Testament is dan ook Christus en sy kerk. Die profete van die Ou Testament wys heen na Christus en sy kerk. Dit wat in die Ou Testament gesê word, het ook betekenis vir die Nuwe Testament.

Daarom is Obadja se profesie nie maar net 'n wraaklied teen Edom nie. Obadja is nie die felle, fanatieke Joodse nasionalis wat al die vyande van sy volk haat nie. Obadja het eintlik ook niks teen Edom as volk nie. Maar Edom het homself aan Israel vergryp. Edom spot met Israel wanneer Israel dit benoud het en swaar kry.

In Israel kry die kerk van die Here in die Ou Testament egter gestalte. In Israel tree die kerk van die Here in die Ou Testament na vore. Wanneer Edom hom dus aan Israel vergryp, vergryp hy hom terselfdertyd aan die kerk van die Ou Testament. Maar dan vergryp Edom homself ook aan die God wat hierdie kerk tot stand gebring het. Wat Edom gedoen het, is seker een van die lelikste dinge wat 'n mens kan doen: om jou in die leed van 'n ander te verlekter. As Edom met Israel spot oor sy leed, spot hy met die kerk van die Here en die Koning van die kerk, Christus.

"Christus moet as Koning heers totdat die Vader al sy vyande aan Hom onderwerp het." So sê die Bybel aan ons in 1 Kor. 15:25.

Wanneer Edom met Israel spot, spot hy dus ook met die koningskap van Christus. Edom verteenwoordig dus ook hier die ryk van die Satan wat in regstreekse konfrontasie met die ryk van Christus staan.

Esau - Edom, Jakob - Israel. Esau is die een wat die verbond van God verag het. Esau is die voorvader van die Edomiete. Daarom is Esau ook die verteenwoordiger van die wêreld wat met die kerk van Christus spot. Jakob is die voorvader van die Israeliete en hulle is die verteenwoordigers van die kerk. Ons kan maar die lyn deurtrek na die Antichris toe. Die Antichris wie se haat nog feller sal wees as die haat van Edom, sal hom verlekter wanneer die kerk dit aan die einde benoud het.

Vir hom sê Obadja in die naam van die Koning van die kerk: "Wat jy gedoen het, Edom, sal aan jou gedoen word" (vers 15). Antichris, jy sal saam met die Satan in die poel van vuur en swawel gewerp word. (Op 20:10).

UITSIG

- Kyk na die volgende Skrifgedeeltes en tekse: Genesis 25:23, 29-34; 26:34 + 35; Maleagi 1:2 + 3 en Romeine 9:13.
- Is jy bang om op te staan vir jou beginsels as gelowige omdat daar met jou gespot sal word en jy as eng en verkrampt beskou sal word?
- Bid dat die Here die kerk van Christus van bespotting sal bewaar.

DIE GODSOPENBARING**OORSIG****Vers 1b**

Niks gebeur toevallig nie.

INSIG

Agter die woord "Edom" in vers 1 staan daar 'n dubbelpunt. Hierdie dubbelpunt wil sê dat na die woord "Edom" eintlik die woorde van vers 2 moet volg. Vers 1b is dus 'n tussensin. As iemand in die moderne wêreld, waarin ons vandag leef, vers 1b moes skryf, sou hy dit tussen hakies geplaas het.

Wat is die rede waarom Obadja hierdie tussensin invoeg?

Dit is opmerklik dat hy nie sy tussensin met "ek" begin nie, maar met "ons".

Met die woordjie "ons" wil hy sê dat hy nie die enigste is wat dit, wat in die tussensin geskryf staan, sê nie. Daar is ander wat dit ook sê. Alhoewel Obadja dit nie self sê nie, verwys hy hier na Jesaja 34:5-15. Verder kom vers 1b tot 4 van Obadja in baie opsigte ooreen met Jeremia 49:14 tot 16.

Dit wat met Edom gaan gebeur, lê nog in die toekoms, maar daar is klaar 'n besluit oor die ondergang van Edom geneem. Dit is nie volkere wat gaan besluit dat hulle Edom gaan aanval nie. Hierdie besluit is klaar in die hemel geneem, want Obadja sê dat hulle die boodskap van die Here af ontvang het. Dit maak dus nie saak wie van die nasies eerste besluit het om Edom aan te val nie. Dit is God wat met Edom wil afreken. God wil Edom straf oor dit wat hy aan Jakob gedoen het. Die Here het klaar besluit dat Edom tot 'n val gaan kom.

Vir hierdie doel gebruik God nasies. Hulle is die instrumente in sy hand wat Edom tot 'n val gaan bring.

Ons sien dus dat God die gang van die geskiedenis bestuur. Agter die gewoel van nasies merk ons God se hand. Oorlog en vrede is nie dinge waarvoor op aarde besluit word nie. Lank voordat dit nog op die aarde beslis is, is dit alreeds in die hemel beslis. Nasies en mense is maar net werktuie in God se hand wat sy besluite moet uitvoer.

Niks gebeur toevallig nie. Ons bely dit ook in Vraag en antwoord 27 van die Heidelbergse Kategismus: Lower en gras, reën en droogte, vrugbare en onvrugbare jare, voedsel en drank, gesondheid en siekte, rykdom en armoede is alles dinge wat God oor mense beskik.

Daarom kan die gelowige rustig wees te midde van die dreigemente en die rumoer, lawaai en verskrikkinge van oorloë. Dit is God se hand wat agter al hierdie dinge sit. Dit sê aan ons dat nasies en volke en mense nie maar kan maak soos hulle wil nie. Hulle volbring God se wil of hulle nou gehoorsaam is of teen God in probeer werk (kyk Joh 11:49-51).

Selfs Satan kan nie eers maak wat hy wil en soos hy wil nie. Hy kan net so ver gaan as wat die Here hom toelaat. Al dink Edom, die wêreld, die Antichris dat hulle veilig in hulle bergvestings is, sal die uiteindelijke oorwinning aan Christus behoort.

UITSIG

- Bestudeer Vraag en antwoord 27 van die Kategismus en ook die tekste wat daarby aangegee word.

- Dank die Here in jou gebede dat jy mag weet dat jy in God se hand is en dat niks teen God se wil in met jou kan gebeur nie.
- Dank die Here ook dat jy mag weet dat geen haar van jou hoof sal val nie tensy dit God se wil is.

WAAK TEEN VALSE GERUSTHEID**OORSIG**

Vers 2	Vers 3	Vers 4
Die oordeel daarvoor	Die rede daarvoor	Die afrekening daarmee

INSIG

Wanneer Obadja met Edom praat, maak hy asof die oordeel wat hy aankondig, reeds besig is om te gebeur. Die profete van die Ou Testament stel baie kere die toekoms voor asof dit nou reeds besig is om plaas te vind.

Edom is hoogmoedig. Obadja moet God se oordeel oor hierdie hoogmoedigheid aankondig. Die oordeel van die Here is dat hy Edom, wat 'n volk is, 'n klein, onbelangrike volkie gaan maak.

Die rede vir Edom se hoogmoed lê onder andere in die ligging van sy grondgebied: Edom se woonplek is hoog in die berge. Die naam van die hoof stad is Sela of Petra, wat rots beteken. Sy hoofstad het daar in 'n natuurlike rotsvesting gelê. Langs steil, kronkelende bergpaaie en byna onoorkombare bergpasse moes 'n mens Edom se grondgebied binnekom.

Vir Edom was dit nie nodig om verdedigingslinies te bou nie. Die hele grondgebied van Edom was eintlik een groot verdedigingsvesting. Die berge was soos hoë mure rondom hulle. Toe was daar nie vliegtuie wat op die verdedigingslinies kon afduik en dit stukkend skiet nie. Daar was nie kanonne wat bresse in die mure kon slaan nie. Wie in daardie tyd wou veg, moes met die swaard in die hand dit doen.

God sal hulle uit hierdie bergvesting kom haal. Hy sal hulle hoogmoed in vernedering verander.

Volkere en mense moet nie dink dat hulle kan doen wat hulle wil nie. Hoeveel magtige volke se hoogmoed het God nie al gebreek nie? Daar was die Babiloniërs en die Romeine. Ons hoef nie verder name te noem nie. Volke kan nie maar trap en vertrap soos hulle wil nie.

OBADJA sê vir ons dat jy nie in valse gerustheid moet leef en dink dat niks met jou kan gebeur nie. God is altyd daar. Daarom is hierdie waarskuwing nie net vir Edom se ore bedoel nie. Elke mens moet hierna luister.

Geen mens moet dink dat die onheil wat vir Edom getref het, nie ook vir hom kan tref nie.

UITSIG

- Lees Amos 6.
- Bid dat die Here sy kerk en jou sal bewaar teen valse gerustheid.

VERLORE RYKDOM**OORSIG****Vers 5**

Diewe en rowers kan jou ook verarm agterlaat.

INSIG

OBADJA wys daarop dat 'n geweldig volkeremassa teen Edom sal optrek (vers 2). Hulle sal as 'n geallieerde mag optrek. Edom bekommer hom nie hieroor nie. Hulle sal tog niks bereik nie. Sy hele land is veilig agter die verdedigingslinies van bergpasse en rotse verskans (vers 3). Maar Edom se hoogmoed sal gebreek word (vers 4).

Die Here sê dan ook dat Edom 'n verpletterende neerlaag gaan ly, al bou hy ook hoog teen die kranse soos 'n aasvoël. Hy sal daarvandaan afgehaal word.

Edom kon hom in die tussentyd self verryk. Geen volk sou waag om hom aan te val nie. Dit sou selfmoord wees. Daarom heers daar vrede in Edom. Die ekonomie kan ongehinderd ontwikkel. Edom kan vir homself voorraadskeure opbou. Daar kan hy dit wat hy nodig het, vir die dag van probleme wegbêre. So kan hy vir enige gebeurlikheid voorsiening maak.

Edom was 'n ryk volk. Maar daardie rykdom sal hy verloor. Dit sal nie gebeur omdat die Edomiete as gevolg van hulle rykdom gemaksugtig geword het en nie meer wil werk nie. Die armoede wat oor hulle gaan kom, sal nie as gevolg van hulle eie toedoen wees nie. Dit sal geskied deur faktore van buite.

OBADJA gebruik twee beelde om te beskryf hoe dit sal gebeur.

Veronderstel, sê hy, dat diewe of rowers in die nag na jou kom. In daardie tyd moes 'n dief en 'n rower alles wat hulle steel, met die hand wegdra. Die gevolg was dat hulle, wanneer hulle byvoorbeeld 'n huis plunder, nie dadelik alles kan wegdra nie. Daar sal nog iets oorbly. Diewe laat baie keer darem nog iets agter.

Nou gebruik OBADJA 'n tweede beeld. Wanneer druiweplukkers kom om die oes te pluk, neem hulle die beste wat daar is. Maar daar bly tog nog van die druiwekorrels 'n na-oes agter. So sal Edom dan verarm word. Maar daar sal darem nog vir hom 'n ietsie agterbly om 'n bestaan mee te maak. Hy sal egter net kan oorleef. Hy sal nie weer ryk kan wees nie.

Wanneer Edom verarm word, sal dit nie die tydsomstandighede of die oorlogsrampe wees wat daarvoor verantwoordelik is nie. Niks gebeur toevallig nie.

Agter hierdie verarming moet die Here gesien word. Edom se armoede kom uit God se hand. Want Edom was hoogmoedig. Hy het gedink dat hy aan niks gebrek het nie. Niemand kan ook dit wat hy versamel het, van hom wegneem nie. Edom het soos die gemeente van Laodisea geredeneer: "Ons is ryk, skatryk, en ons het niks meer nodig nie" (Op 3:17).
‡

Sulke mense, sê die Here, is arm. Hulle siele is hol en leeg.

UITSIG

- Bid dat die Here aan jou liever wysheid en kennis sal gee en nie aardse rykdom wat binne 'n oomblik kan vergaan nie.
- Lees: Lukas 12:13-21 en 2 Kronieke 1:7-12.

DIE WARE RYKDOM**OORSIG****Vers 6**

Die ware rykdom is nie aardse skatte nie, maar die rykdom wat Christus bied.

INSIG

So af en toe gebeur dit dat die aandelebeurs geweldig val. Skatryk persone word binne enkele dae brandarm. Min of meer dieselfde gebeur met Edom. Edom wat so ryk is, word soos 'n kerkmuis.

Oorlog maak mense ru en wreed. Die mens raak gewoon aan doodmaak. Wanneer daar oorlog is, word daar nie met menslike wette en instellings rekening gehou nie. Die oorlogvoerendes steur hulle ook min aan God se wette.

Dieselfde gebeur met die inval in Edom. Hierdie invallers gaan nie baie noulettend wees op menslike wette nie. Hulle gaan nie kyk of die land verarm is as gevolg van die inval van die diewe (vers 5) nie. Hulle gaan nie vra nie of daar na die inval van die diewe darem nog iets vir die inwoners van die land oorgebly het om te eet nie. Hulle gaan nie sê dat hulle die inwoners 'n onreg gaan aandoen as hulle dit wat oorgebly het, gaan neem nie.

Wat die diewe agtergelaat het en wat die druiweplukkers nie afgepluk het nie, gaan die hordes, wat Edom gaan binneval, verwoes. Hulle gaan alles verwoes. Niks gaan hulle begerige blikke ontgaan nie. Niks gaan vir hulle veilig wees nie. Alles - wonings, pakhuis, skure, geheime opbergplekke - word deeglik deursoek en nagegaan om te kyk of daar nie nog iets is wat geas kan word nie.

Edom gaan lyk soos 'n plek waaroor 'n swerm sprinkane getrek het. So bly Edom so arm soos 'n kerkmuis agter. Hierdie volk, wat hom in Israel se leed verlekter het, gaan nou self voel wat dit is om swaar te kry en te ly.

As die boek OBADJA net vir Edom geskryf is om aan hom die oordeel van God aan te sê, en vir Israel geskryf is om hom daarmee te troos, sou dit vir ons geen betekenis gehad het nie. Daarom moet ons altyd kyk wat die diepe betekenis van die Bybel is, omdat dit nie net vir 'n bepaalde tyd nie maar vir alle tye geskryf is. Ons moet kyk wat die Here aan ons daarin openbaar. Ons moet vra wat Hy aan elkeen van ons persoonlik daarin sê.

Wat hier na vore kom, is dat aardse skatte en rykdom binne enkele oomblikke kan wegval. Die een oomblik kan jy nog 'n multi-miljoenêr wees en die volgende oomblik 'n bedelaar. Maar wat bly, is die rykdom wat Christus aan ons bied: die rykdom van die versoening met God, die vergewing van ons sondes deur God en boweal die skat van die ewige lewe wat ons uit die hand van die Here sal ontvang. Hierdie soort skatte is nie skatte wat mot en roes kan verniel nie.

UITSIG

- Bid dat die Here jou daar van sal bewaar dat jou hart so aan aardse skatte veranker word dat jy naderhand jou God begin vergeet.
- Lees Spreuke 30:8 en 9 en Matteus 6:19-21.

VERRAAD IN EDM**OORSIG****Vers 7**

Die verraaiers en die manier waarop verraad gepleeg word.

INSIG

Edom berei hom baie goed voor vir 'n aanval van buite af. Hy maak staat op sy gedugte bergvestings wat natuurlike linies bied. Hy sorg dat sy voorraadskeure gevul is, sy pakhuse vol is en dat daar genoeg in sy geheime bergplekke is. Edom is baie goed voorberei vir die dag van 'n aanval. Enigeen wat wil waag om hom aan te val, moet eers baie goed daarvoor nadink.

Maar ons weet uit die vorige verse dat Edom geval het. Hy kon nie weerstand bied teen die aanval nie. Dan word daar gevra: Maar hoe val 'n land wat sulke gedugte verdedigingslinies en so 'n sterk ekonomie het? Hoe het wêreldryke geval?

OBADJA sê duidelik dat dit die Here is wat dit alles beskik. God wil Edom straf omdat hy hom in Israel se swaar kry verlekter het. Maar die straf van die Here kom nie soos 'n bliksemstraal uit die hemel nie. Die Here laat baiekeer sy besluite op aarde deur mense uitvoer, sonder dat hulle daarvan bewus is. God gebruik mense, selfs al is hulle die handlangers van die Satan, om sy oordele uit te voer.

Ook hier by Edom gebruik die Here 'n metode waaraan niemand eers gedink het nie. Die Here laat verraaiers binne die vestingwerke van Edom toe. 'n Verraaier is soos 'n rysmier. Hy doen sy vernietigingswerk van binne af. Jy merk hom eers op wanneer dit baiekeer te laat is.

Natuurlik is verraad 'n baie vuil, lae en veragtelike daad. Dit is seker een van die laagste daade denkbaar. Dink maar aan die verraad van 'n Judas Iskariot.

Al Edom se bondgenote sal die rug op hom draai. Van sy bondgenote sal hy geen beskerming meer kan verwag nie. Dit sal nou blyk dat sy vriende maar net mooiweersvriende was. Hulle volg die metode van die voëlvanger wat vir die niksvermoedende voël vangstrikke stel.

Die Bybel sê nie aan ons wie hulle was nie. Dalk was hulle mense wat die leer van wapens en kos moes voorsien in geval van 'n aanval. Maar toe die werklike aanval kom, was hierdie mense nie op hulle poste nie.

Verraad kry ons nie net in die wêreld nie. Ons kry dit ook in die kerk van die Here. Die verraaiers is soos Demas, van wie ons in die Bybel lees dat hy die wêreld liefgekry het. Hulle is die draadsitters wat die kerk van die Here net wil gebruik om hulle kinders te doop, in te trou en wat vanuit die kerk begrawe wil word. Verder loop hulle agter die plesier van die wêreld aan. Wanneer die nood vir die kerk aanbreek, sal hulle, sonder om twee keer te dink, die rug op die kerk draai.

UITSIG

- Bid dat die Here sy kerk sal bewaar van verraaiers wat dit van binne uit sal probeer rismier.
- Lees die verhaal van Judas Iskariot se verraad. Lees ook Matt 24:10 -13.
- Lees Kolossense 4:14, Filemon vers 24 en veral 2 Timoteus 4:10 oor Demas.

DIE GEVOLGE VAN DIE GEBREK AAN WYSHEID**OORSIG****Vers 8**

Gebrek aan wysheid laat die mens waansinnige dinge doen.

INSIG

Die aankondigings van die oordele teen Edom gaan van kwaad tot erger. Edom sal nie net as gevolg van verraad ondergaan nie, maar ook as gevolg van 'n gebrek aan wysheid. God sal die slim manne uit die bergland van Edom uitroei.

Die Edomiete, en veral die stam van die Temaniete (vergelyk Amos 1:12 en Jer. 49:7) was bekend vir hulle wysheid. Wysheid is 'n baie belangrike kwaliteit by die mens. In die Spreukeboek lê Salomo baie nadruk daarop. Daar besing hy die wysheid. Salomo self bid ook dat die Here aan hom wysheid sal gee (2 Kron. 1:10).

Wysheid is iets anders as geleerdheid. Iemand kan die hoogste geleerdheid hê en baie grade agter sy naam skryf. Tog kan so iemand 'n gebrek aan wysheid hê. Wysheid is nie iets wat jy op die skool kan leer of op die universiteit kan aanleer nie. Iemand kan baie knap wees en tog nog met die een dwaasheid na die ander voor die dag kom. 'n Geleerde professor kan baie dwaas wees en 'n ongeletterde kan baie wys wees.

Een mens kan nie aan 'n ander wysheid gee nie. Wysheid is 'n gawe van God.

Edom was in die gelukkige posisie dat daar by hom baie wyse manne was. Die konings van Edom het, wanneer hulle raadgewers en ministers gekies het, nie 'n gebrek aan wyse manne gehad nie. Hierdie mense kon deur hulle verstandigheid die ekonomie van die land baie help en laat bloei.

Maar dan gaan Edom se veelgeroemde wysheid tot niet. Daarvoor is God self verantwoordelik. Want God wil Edom straf omdat hy hom in Jakob se leed verlekter het. Daarom gaan die Here die wysheid uit Edom wegneem.

Wanneer daar nie meer wysheid is nie, begin die mens om waansinnige dinge te doen. Wanneer verstandige en logiese redenering verdwyn, neem die mens se emosies en hartstogte oor. Dit kan die mens tot blinde haat opsweep. Dit kan die mens daartoe dryf dat hy die wetenskap en die tegniek net tot eie voordeel wil aanwend. Dan gebruik hy dit as moordwapens om sy haat te laat botvier.

Daarom moet die kerk van die Here en elke gelowige bid dat die Here wysheid op aarde sal gee. As God die wysheid van hierdie wêreld gaan wegneem, sal daar net die blinde haat van die Antichris oorbly. Hy sal alles en almal haat wat vir God en vir Christus is. In sy blinde haat teen God en Christus sal hy die kerk van Christus wil vernietig, maar daardeur sal hy ook die wêreld tot sy vernietiging lei.

Hierdie selfde vernietiging staar Edom ook in die gesig. 'n Gebrek aan wysheid by 'n volk se leiers kan sy ondergang beteken.

UITSIG

- Bid dat die Here aan die leiers van hierdie land wysheid sal gee. Maar bid ook dat God aan jou en aan elke gelowige wysheid sal gee.
- Lees Spreuke 9.

MUITENDE SOLDATE**OORSIG****Vers 9**

Soldate muit as hulle geen moraal meer het nie. Die gevolg hiervan is moord en doodslag onder die bevolking.

INSIG

Die Edomiete was 'n dapper volk. Hulle sou alles in die stryd werp om hulleself te beskerm. Ons lees in Gen. 27 van hulle voorvader. Sy naam was Esau. Hy was 'n man wat bedrewe was met die pyl en boog — 'n dapper man.

Magtige vestingwerke verdedig nie hulleself nie. Dit moet verdedig word. Die Edomiete moes hulle vestingwerke beman. Daar moet die soldate die stormlope van die vyand laat verkrummel.

Wanneer soldate aan die wenkant is, is hulle moraal gewoonlik hoog. Daar is die begeerte om te veg, om alles in die stryd te werp. Die soetheid van oorwinning laat die trots van die hart swel. Regerings doen baie om te sorg dat die moraal van hulle land se verdedigers hoog bly.

Soldate se moraal daal as die vyand die voorraadskeure begin plunder. Die moraal begin na nulpunt gaan as die logistieke toevoer na die leër afgesny word. Wanneer daar net 'n stukkie droë brood in die hande is, wanneer die uniform niks anders as 'n stuk vodde is nie, en die tone uitsteek by dit wat skoene was, steek so 'n soldaat baiekeer sy trots in sy sak. Hy loop na die vyand oor.

En as die demoraliserende invloed van verraad die tuisfront laat ineenstort, moet dit ook sy invloed op die gevegsfront hê. Dan is die logiese gevolg dat soldate begin muit. Sake bereik hulle hoogtepunt as daar by die regering van die land 'n tekort aan wysheid is. Dwase optrede bring wrok in die hart. Die soldaat voel dat hy deur dwase optrede in die steek gelaat word.

Muitery onder soldate kring uit na die bevolking van 'n land. Histerie gryp hulle aan. Die rede word oorheers deur emosie. So sal dit in Edom wees: geen voorraadskeure, geen wysheid, verraad in die binnekringe. Alles het verdwyn.

Wanneer die Here die wysheid uit Edom verwyder het, sal Hy ook die harte van die soldate aangryp. Hy sal sorg dat die soldate muit. Hulle sal in opstand kom.

Dan sal Edom finaal ineenstort. Obadja moet profeteer dat Teman (Edom) se vegters bang sal word. Hulle knieë sal knak. Die vrees vir vernietiging sal die oë wild laat word. Hulle sal alles net so laat en halsoorkop op die vlug slaan.

Die bang-word van die soldate is nie as gevolg van 'n enkele geïsoleerde gebeurtenis nie. Dit is die gevolg van 'n hele reeks opeenvolgende gebeurtenisse: die plundering van voorraadskeure, verraad, gebrek aan wysheid. En agter dit alles merk ons die hand van die Here.

UITSIG

- Die kerk van die Here moet ook ly as muitery en rewolusie plaasvind. Dan is daar geen vrede meer nie. Die Evangelie kan nie verkondig word nie.
- Bid dat die Here vrede en rus oor die hele wêreld sal gee sodat die Evangelie ongehinderd verkondig kan word en die getal van die uitverkorenes vol kan word en Christus kan kom.

VERBREKING VAN BROEDERBANDE**OORSIG****Vers 10**

Deur hom in sy broervolk Israel se leed te verheug, verbreek Edom die broederbande.

INSIG

Die Here het besluit om Edom te vernietig. Dit sal stelselmatig geskied. Die voorraadskeure word geplunder. Verraad word gepleeg. Die wysheid word vernietig. Die som van dit alles is die muitery van die soldate. Die rede hiervoor is dat Edom gejuig en gejl het toe sy broer onder die sweep van die veroweraar moes ineenkrimp. Edom het bygestaan en daaroor gelag.

Die onheil wat Juda getref het, is blykbaar die verowering van Jerusalem. Ons weet nie na watter geval OBADJA verwys nie. Dit maak seker ook nie saak nie. Feit is: Edom stuur nie soldate om te help nie. Soos 'n skoothondjie kef hy saam met die oorwinnaar. Toe die vyandelike hordes die land van Juda beset, staan Esau as't ware met sy hande in sy sakke en toekyk. Hy sien glimlaggend toe hoe die stewel van die oorwinnaar sy broer vergruis.

In hierdie gedeelte van die profesie val die nadruk nie so baie op die geweld nie. Maar dit val op die feit dat 'n broer in sy uur van nood in die rug gesteek is. In sy uur van nood word veragtend met die broer gehandel. Esau was Jakob se broer. Hy was sy tweelingbroer. Die bande tussen hulle moes styfgeknoop gewees het. Dit is die saak wat beklemtoon word. Hoe wyd hulle paaie ook al uitmekaar geloop het, hulle was broers. Hoe ver hulle lewensbeskouing ook al verskil het, was hulle nog steeds kinders van dieselfde vader en moeder. Die band tussen hulle was die band van bloed. Hierdie bloedband kan nooit verbreek word nie. Slegs die dood kan dit verbreek.

Daarom walg elkeen wanneer Kain vir Abel doodsla. Elkeen walg wanneer Edom oor sy broer se val juig. Daar is seker geen haat wat so lelik as broederhaat is nie. Broederliefde is soos die dou van Hermon, ryk nes reën. Broedertwis is soos die dorheid van die woestyn, leeg en afstootlik. Daarin is geen skoonheid vir die oog oor om te bewonder nie.

Dan gebeur dit ook in die kerk van Christus. Gelowiges staan op en sê mekaar sleg. Hulle beveg mekaar. Dan is vergiffenis 'n holklinkende woord. Hoeveel keer vertel die kerkgeskiedenis nie met leed van sulke dinge nie?

Broedertwis in die kerk van Christus is 'n kwaad wat sonde teen die bloed van Christus is. Hoe kan God vergeef as broers nie wil vergeef nie?

UITSIG

- Lees Genesis 4:1-16 en veral verse 9-12. Lees ook Psalm 133.
- Bid dat die Here sy kerk van broedertwis sal bewaar.
- Bid dat die Here sy kerk daarvan sal bewaar dat broers in die geloof mekaar die stryd aansê.

DIE SONDE VAN ONBETROKKENHEID**OORSIG****Vers 11**

Wanneer die kerk van die Here aangeval word, is dit 'n sonde om onbetrokke en glimlaggend te staan en toekyk.

INSIG

'n Wesentlike bestanddeel van die sonde van Edom was dat hy sy broer in sy uur van nood verloën het. Toe hy sy broer moes help, het hy sy rug op hom gekeer. Hierdie verloëning van sy broer het daarin bestaan dat Edom nie betrokke wou wees nie. Hy wou nie by die saak ingesleep word nie.

Edom wou nie by die saak van die Here betrokke wees nie. Die saak van die Here is dit: Jerusalem is God se stad. Daar staan die tempel skitterwit in die son. Daar in die tempel het die almagtige God sy woonplek (vergelyk 2 Kron. 5:14). Maar Israel is ook God se volk. God het hulle uitverkies. Uit Juda moet die Christus, ons Verlosser, voortkom.

Jerusalem is die beeld van die kerk van God. Jerusalem is die beeld van die kerk van die Ou Testament. 'n Aan val teen Jerusalem is ook 'n aan val teen die kerk van die Ou Testament. Die afbreking van Jerusalem beteken ook die afbreking van die kerk van die Ou Testament.

Niemand kan en mag onbetrokke wees as die kerk van die Here aangeval word nie. Die kerk van die Here word nie net met die swaard aangeval nie. Dit is nie net die boog wat gespan word en die pyl wat gerig word op die kerk nie. Die kerk word nie net met menslike moordtuie aangeval nie. Die kerk, word ook met die mond en die pen aangeval. Lasterlike dinge word teen die kerk uitgespreek. Dit word teen die kerk neergeskryf dat hy oud en teen die tyd is. Met die pen word die kerk gespot oor sy bekrompenheid.

Dan is dit 'n sonde om met gevoude hande te staan en toekyk. Dit is die sonde van onbetrokkenheid. Mense wil nie betrokke wees nie. Hulle wil nie heel voor in die stryd staan nie. Hulle wil liever rustig by hulle televisiestelle sit.

Daarom sê die Here ook aan Edom: "Daardie dag toe vreemdes Jerusalem se rykdomme weggevoer het en uitlanders deur sy poorte gedring het en hulle lootjies getrek het oor Jerusalem, en jy niks gedoen het nie, was jy soos een van hulle!"

Daar is geen neutrale standpunt oor God se kerk nie. Mense wil nie betrokke wees nie. Hulle wil liever maar neutraal langs die kantlyn staan en toekyk. Jy kan nie vir God so flous nie. Jy is óf vir óf teen Christus. Daar is nie 'n goue middeweg nie.

As jy neutraal wil staan, as jy onbetrokke in die stryd om die koninkryk van God wil wees, sê die Here aan jou: "Jy is soos een van hulle! Jy is soos een van my teenstanders!"

UITSIG

- Lees Rigters 4 en 5 en veral hoofstuk 5:23-27. Lees ook Hebreërs 10:25-31.
- Bid vir diegene wat liever onbetrokke wil wees. Vra dat die Heilige Gees ook hulle harte sal vernuut.

VERLUSTIGING IN DIE LEED VAN ANDER**OORSIG****Vers 12**

Om jou in die leed van 'n ander te verlustig, is 'n baie groot sonde.

INSIG

In vers 11 word gesê dat Esau en Jakob, Edom en Juda, broers is. Dit gebeur soms in 'n huisgesin dat daar ook twis tussen broers is. Partykeer verlustig die een kind hom of haarself daarin as die ander getugtig word. So gebeur dit ook met die twee broers Juda en Edom. As die Here vir Juda tugtig, verlekter Edom hom daarin.

Dit is opmerklik dat die woord "dag" vier keer in hierdie vers voorkom. Dit is asof die Here dit wat Juda oorgekom het, wil beklemtoon. Hy wil daar nadruk op lê. Juda was op die slagveld. Daar is hulle getrap en verniel. Edom het langs die veld gestaan. Hy het staan en kyk.

Edom hou nie sy hande voor sy oë as hy sien hoe sy broer verniel word nie. Edom klap sy hande. Edom juig. Edom moedig die vyand aan. Edom kry lekker as sy broer stukkend getrap word. As Edom sien waarheen die oorwinning gaan, begin hy grootpraat. Hy begin spog.

Hiervan praat ook die *Klaagliedere*. Hy noem dit tussen sy snikke deur in Klaagliedere 1:7. Ook Esegïel praat in hoofstuk 35:5 van sy boek hieroor.

Wanneer die vertrapte Juda by die riviere van Babel sit en ween (Ps. 137) herinner hulle die Here hieraan. Hulle bring met trane Edom se gruwel voor die aangesig van God. Hulle roep om God se wraak. "Onthou die Edomiete, Here, die dag toe Jerusalem ingeneem is..."

Om jou te verheug as jou broer verneder word, word gewoonlik opgevolg deur spotwoorde. Dit is woorde van vernedering wat gespreek word. Iemand verheug hom nie maar net in sy hart as sy broer verneder word nie. Waar die hart van vol is, loop die mond van oor. Ook ten opsigte van die sonde. Daar word grootgepraat. Met 'n pronkende bors word daar rondgeloop.

Letterlik staan hier geskryf dat Edom sy mond wyd oopgemaak het. Dit laat jou dink aan Golgota. Daar hang die Verlosser van die wêreld as 'n spot vir elkeen.

Lukas vertel dit aan ons in hoofstuk 23. Die ruwe soldate lag wreed. Hulle spot is genadeloos oor hierdie veragte Jood. Op Golgota is daar drie kruise. Selfs die moordenaar aan een van die kruise neem deel aan die spot. Die verbygangers spot met die Man van smarte.

Spotters moet net onthou dat daar ook 'n God is wat dit sien. Hy sien dwarsdeur hulle. Hy ken hulle gedagtes nog voordat dit by hulle opkom. Daar is nie 'n woord op hulle tong nie of Hy weet wat dit gaan wees. God antwoord die roepstem van die vertrapte en vernederde.

Hoe baie keer word daar nie gespot met iemand wat in sonde geval het nie? Hoe diep sny die mes van vernedering nie? Dan is dit ook gelowiges wat lustig hieraan meedoen as 'n medegelowige geval het.

UITSIG

- Lees die beryming van Psalm 1:1. Lees ook Psalm 139.
- Bid dat die Here jou daarvan sal bewaar dat jy sal spot met medegelowiges wat val.
- Bid ook dat die Here aan sy gelowiges krag sal gee om die spot van die wêreld te kan verdra.

VAN DIE WOORD NA DIE DAAD**OORSIG****Vers 13**

Nadat Edom hom in die leed van Juda verlekter het, gaan hy nou tot die daad oor en begin om die besittings van sy broer te plunder.

INSIG

Vers 13 roep vir ons die beeld van 'n aasvoël voor oë. Jy sien hom daar sit met sy krom, kaal nek. Hy sit net en wag vir die nadering van die dood.

Wanneer aasvoëls in die veld 'n dier sien wat besig is om te sterf sal hulle rondom hom vergader. Met gulsige oë word daar na hom gestaar. Met verlange word gewag dat die dier sy laaste rukkings sal gee. Wanneer die sterwende dier nie meer homself kan verdedig nie, slaan hulle wreed en gulsig toe. Hulle gulsigheid is hulle afgod.

Edom is soos die aasvoël. Wanneer Juda finaal val en nie meer kan opstaan nie, is dit vir Edom nie genoeg om net te kyk nie. Hy wil sy gulsigheid bevredig.

Soos 'n vraatsige aasvoël gaan hy saam met die veroweraar die poorte van God se volk binne. Hy wil ook toestorm en gryp. Hy wil hê wat nie syne is nie. Hy wil maai waar hy nie gesaai het nie.

Net soos in verse 2, 4 en 8 is dit ook God self wat hier praat. Dit is God self wat die aankondiging aan Edom maak. God sê aan hom dat dit 'n fatale fout was toe hy met gulsige oë en grypende hande die poorte van Juda binnegegaan het. Hy moes dit nie gedoen het nie. Nou gaan God hom baie swaar straf.

Die stede van daardie tyd het hoë mure rondom hulle gehad. Wanneer 'n leër in daardie tyd dit kon regkry om 'n opening in so 'n muur te slaan, het hy gewoonlik die stad klaar ingeneem. Binne het die verdedigers nie meer die krag gehad om staande te bly nie. Wanneer die stad se mure gebreek word, bereik die moraal binne die stad gewoonlik die nulpunt.

So staan Edom nou binne die poorte van Jerusalem. Edom kan nou van naby kyk hoe die ramp Juda tref. Edom kan hom nou nog baie meer in Juda se smart verlekter. Maar Edom is nie alleen maar bereid om hom in die leed van sy broer te verlekter nie. Hy wil verder gaan. Van die spotwoorde af gaan hy oor tot die wandaad. Die hande is gulsig-grypend uitgestrek om die eiendom van sy broer vir homself toe te eien. Noudat sy broer homself nie meer kan verdedig nie, storm hy in en gryp hy.

Dit is tipies van 'n aasvoël. Hy slaan toe as die sterwende dier nie meer kan opstaan nie. Hy maak die einde van daardie dier wreed en hard.

Hoekom sê die Here dan die woorde van vers 11 aan Edom? Hoekom is die Here dan so begaan oor Juda wat so swaar teen Hom gesondig het? Omdat Jerusalem die kerk van die Ou Testament is! Edom verlekter hom nie maar net oor Juda se leed nie. Edom vergryp hom nie maar net aan Juda se besittings nie. Wanneer Edom dit doen, vergryp hy hom aan die kerk van die Here.

UITSIG

- Lees Klaagliedere 1:10. As die vyand met die kerk spot wanneer God die kerk oor sy sondes tugtig, is die kerk self ook die oorsaak van die spot.
- Bid dat die kerk getrou sal bly en nie sy eerste liefde sal verlaat nie.
- Lees Openbaring 2:1-7.

BROEDERMOORD**OORSIG****Vers 14**

Edom het nie beswaar daarteen om selfs sy broer te vermoor nie.

INSIG

Sonde bring sonde voort. So groei Edom se sondes die een na die ander. Hy verlekker hom nie net in die nood en benoudheid van sy broer nie. Hy steek nie net sy grypende hande uit na die besittings van sy broer nie. Edom se hande gryp ook na die lewe van sy broer. Hy doen dit op 'n veragtelike en lafhartige manier.

Indien dit waar is dat die boek OBADJA na die val van Jerusalem in 586 v.C. ontstaan het, word in hierdie vers beskryf wat gebeur het met die inval van die Babiloniërs. Daar is 'n man wat dit ook gesien het. Sy naam is Jeremia. In hoofstuk 52 van sy boek vertel hy ons meer daarvan.

"Teen die negende dag van die vierde maand was die hondersnood in die stad so erg dat daar nie meer kos vir die bevolking was nie. Toe is daar 'n opening in die muur gebreek, en al die soldate het gevlug. Die soldate het in die rigting van die Jordaanvallei gevlug, maar die Galdese leer het vir koning Sedekia agtervolg."

Dan vertel OBADJA aan ons verder. Hy vertel hoe die Edomiete soos aasvoëls hulle posisies inneem op die roete waarlangs die Jode kan ontvlug.

By die kruispaaie gaan hulle skuil. Daar gaan hulle wegkruip en loer of die Jode al kom. Want die kruispad is die versamelplek. By die kruispad kom mense van vier punte af bymekaar. Edom wil nie langs die gewone paaie gaan staan nie. Dit is beter by die kruispad. Daar kan 'n groter hap geskep word. Die Jode is uitgehonger, vermaer en verswak deur hongersnood en het nie die krag om weerstand te bied nie. Dit is beter by die kruispad as om een vir een langs die pad op te pik. Hier kan die Edomiete gaan staan. Agter die bosse kan hulle gaan skuil en loer of die arme Jode al aankom. Met die grynslag van leedvermaak kan hulle hierdie bewende mense aan die wrede Babiloniërs oorhandig.

Laat dit jou nie dink aan die verhaal van Kain en Abel nie? Twee broers wat saamloop. Maar in die hart van die een is daar afguns. Hy is jaloers op sy broer. Dan hef hy sy hand op. Sy broer val neer onder die harde houe van sy eie broer. Die druppende bloed van sy broer roep na die Here.

Broedermoord gaan nie by God verby nie. Wat Kain gedoen het, doen Edom. Daarom roep OBADJA ook met 'n uitgestrekte vinger uit: "Wat jy gedoen het, Edom, sal aan jou gedoen word" (vers 15). Die lafhartige daad van Edom sal deur die God van wraak vergeld word.

Gebeur dit nie ook partykeer in die huisgesin van die kerk dat broers mekaar aan die kele gryp nie? Gebeur dit nie ook partykeer dat broers by mekaar verbyskuur en mekaar nie ken nie? Dan word daar gepraat van 'n gebrek aan warmte in die kerk!

UITSIG

- Lees Genesis 4.
- Kan jy aan 'n Psalm dink waar die broederliefde besing word?
- Bid vir die werklike belewing van die gemeenskap van die heiliges in jou gemeente.

DIE DAG VAN DIE HERE (1)**OORSIG****Vers 15a**

Op die dag van die Here sal God oor al die nasies gerig hou.

INSIG

Die Here draai van vers 15 af die orde om. Daar was 'n dag van onheil vir Jakob. God se oordele het oor hulle gekom as gevolg van hulle ongehoorsaamheid. Toe het Edom homself in die leed van sy broer verlekter. Maar soos wat daar 'n dag van onheil en benoudheid vir Jakob (Israel) gekom het, net so sal daar ook 'n dag van onheil en benoudheid vir Esau (Edom) kom.

Dit sal op die dag van die Here gebeur.

Maar nou is dit merkwaardig dat die oordeel nie net vir Edom aangesê word nie. Hierdie oordeel sal oor al die nasies aangesê word. Een vir een sal hulle moet voel hoe die hand van God hulle slaan. 'n Mens wonder hoekom dit dan so is. Maar hiervoor is daar 'n redelik eenvoudige verklaring. Die nasies is almal met dieselfde duiwelse gees as Edom besiel. Hulle haat almal soos wat Edom haat. Hulle haat kom miskien nog nie op so 'n opsetlike wyse as die van Edom te voorskyn nie. Miskien kon hulle hulle haat teen Israel op 'n meer verbloemde wyse koester.

Haat hoef natuurlik nie altyd op iemand se gesig gelees te word nie. Haat kan in baie vorms na vore kom. Een van die mees gewilde vorms van haat is spot. Spot met die voorwerp van jou haat. Stel hom as belaglik en veragtelik voor. Verkleineer hom met jou spot. Laat jou haat in die snydende spot van jou tong hoogty vier.

Die feit dat al die volke aan die begin van Obadja se boek opgeroep word om teen Edom oorlog te voer, sê niks. Want dit is die Here wat hulle oproep. Dan móét hulle gehoorsaam. Ten spyte daarvan dat hulle toe nie een in gees saam met Edom in hulle haat teen Jakob gevoel het nie, was die haat tog daar. Nou staan hulle saam teen Edom. Maar môre staan hulle saam met Edom teen Sion, teen die kerk van die Here.

Die wêreldmense haat Christus en sy kerk omdat die Satan hulle aanpor. Hy wil hê dat hulle Israel moet vernietig. Want dan sal die Christus nie meer gebore kan word nie. Hierdie haat sal in vlamme uitslaan as die Antichris op die toneel verskyn. In die tyd van die Nuwe Testament kan Satan nie meer in die hemel kom om die gelowiges voor God aan te kla nie. Want Christus is nou in die hemel. Hy het nou klaar betaal vir die gelowiges. Satan kan hulle nou nie meer opeis nie.

Nou werk Satan op die aarde. Nou spits hy hom toe op die kerk van Christus. Hy wil die kerk vernietig. Want hy dink dat as die kerk vernietig is, is daar niemand meer vir wie Christus kan kom haal nie. Die Bybel sê uitdruklik dat Christus weer kom. Dit is die eintlike *Dag van die Here*. Op daardie dag sal die gerig oor die hele wêreld gaan. Dit sal teen elke nasie wees.

UITSIG

- Lees Op 12 en probeer daarin sien hoe die geskiedenis van die kerk, vanaf die begin tot die einde, in voëlvlug beskryf word.
- Bid ook vurig dat die Satan nooit die kerk sal oorweldig nie, maar dat die gelowiges sal vasstaan.

DIE DAG VAN DIE HERE (2)**OORSIG****Vers 15B**

Die sonde teen die ander is soos 'n boemerang. Op die dag van die Here sal dit gewreek word.

INSIG

Die woorde van vers 15b som die straf oor die sonde van Edom baie kortliks op. Sy sonde sal terugslaan op homself. Vers 15b kan beskou word as een van die regsbeginsels wat daardie tyd gegeld het. In vers 15b is regsbeginsels vervat wat ook elders in die Ou Testament aangetref word.

In Lev. 24:17-22 word die wet van vergelding verduidelik. Daar word in vers 19 byvoorbeeld bepaal dat net so aan 'n man gedoen moet word soos wat hy gedoen het. Sy daad moet op sy kop neerkom. Maar nou gaan Lev. 24:22 verder. Dit sê dat daar net een wet moet wees vir sowel die Israeliet as vir die vreemdeling. Soos wat die Israeliet 'n kind van die land is, net so moet die vreemdeling ook 'n kind van die land wees. Dieselfde beginsel roep Jeremia in Jer. 50:29 teen Babel uit. Die profeet Joël sê dit ook in Joël 3:4 en 7.

Wat vir die Israeliet geld, geld ook vir die vreemdeling. Edom se sonde teen Israel sal 'n boemerang-effek hê. Sy sonde sal op sy eie kop terugkom. Hierdie reël - dat jou daad op jou hoof sal neerkom - is in daardie tyd as 'n internasionale reël beskou. 'n Tand vir 'n tand en 'n oog vir 'n oog. God self sal hierdie reël ook op Edom toepas. Waar hierdie saak ook al in die Bybel uitgespreek word, word dit nie verder verduidelik nie omdat al die volke van daardie tyd hierdie beginsel geken en toegepas het. *Spreuke*, die boek van die wysheid, bevestig dit in hoofstuk 12:14.

Die Here self het ook die reg om hierdie beginsel toe te pas op die mens. God se reg handhaaf: 'n oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand. Vir die gelowige kind van die Here is hierdie reg op Christus toegepas. Christus het in ons plek gaan staan. Van Hom is geëis: 'n oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand.

Wanneer God hierdie reg op jou wil toepas, pleit jy: "Wees genadig Here. Ek het berou oor my sondes. Kyk, hier is die bewys, die kwitansie. Christus het vir my met sy bloed betaal. Gewas deur sy bloed pleit ek dat U nie u reg op my sal toepas nie. Hy het dan klaar vir my betaal." Dan sien God my nie soos ek self is nie maar bedek deur die kleed van Christus se geregtigheid. Hy wil my beskou as ek net so rein is as Christus self. Dan eis God nie meer 'n oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand nie. Dan noem God my nie meer: "Verdoemde" nie.

Maar op die dag van die Here sal God eis van die ongelowige: 'n oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand. As Christus kom, mag Hy dit eis van elkeen wat sy bloed verwerp het. Maar van jou as kind van God sal Hy dit nie eis nie, omdat Hy met sy bloed klaar vir jou aan hierdie eis van God voldoen het.

UITSIG

- Lees Luk 19:43 en 44. God se reg word vandag nog so gehandhaaf teen die ongelowige wat geen berou het oor sy sondes nie.
- Moet jy self wraak neem as iemand jou verneder? Lees Romeine 12:19 en Matteus 5:44 en Lukas 23:34.

DIE DRINKBEKER VAN SMARTE**OORSIG****Vers 16**

God sal die drinkbeker van smarte uit die hand van Israel neem en dit in die hand van al die nasies gee.

INSIG

OBADJA gebruik 'n beeld wat aan al sy hoorders baie goed bekend was: van die beker waaruit gedrink word. Ons praat baie keer ook so. Die beker van geluk. By die Nagmaal word van die beker gepraat as "die beker van danksegging". In Getsemane noem Christus die beker wat Hy moet drink, die lydenskoper. Dit is die drinkbeker van smarte.

God se oordele en sy seën word in die Bybel voorgestel as 'n beker. Hierdie beker is óf vol van oordeel óf vol van seën. Die gedagte is nou dat Israel in 586 v.C. alleen hierdie beker van smart moes drink. Hulle moes dit drink ter wille van hulle sondes. Hierdie beker neem die Here nou uit die hand van Israel. Hy gaan dit gee aan al die nasies. Elkeen moet daarvan drink. Want saam met Edom spot hulle. Saam met Edom sê hulle dat die God van Israel hulle nie uit die hand van die Babiloniërs kon red nie. Saam met Edom verlekker hulle hulle en sê dat Marduk, die god van die Babiloniërs, sterker as die God van Israel is. Net soos wat Israel teësinnig moes drink, net so sal hulle ook drink.

OBADJA vers 16 kan eintlik beskou word as 'n opsomming van die boodskap vervat in Jes. 51:17-23. Die inhoud van hierdie beker, sê OBADJA, sal sonder ophou gedrink en gesluk word. Maar God gaan hierdie beker nou uit die hand van Israel neem. Hulle hoef nie meer met teësin te sluk nie.

Nou wys OBADJA vers 16 ook heen na die tuin van Getsemane. Toe het God die beker van smarte aan sy geliefde Seun gegee. In my plek en in jou plek het Hy hierdie beker gedrink. Want hierdie beker drink jy nie as jy by die oop graf van 'n geliefde staan nie. Hierdie beker drink jy ook nie as die geneesheer aan jou sê dat jy aan 'n ongeneeslike siekte ly nie. Jy drink ook nie hierdie bitter beker as jou huwelik in skerwe spat nie. Hierdie beker is baie bitterder as dit.

Hierdie beker word gedrink wanneer God die mens verlaat het. Hierdie beker drink die ryk man in die hel. Hierdie beker drink die mens wanneer hy in die hel gil en skree van angs en pyn. Hierdie beker drink die mens wanneer hy in die hel met smart uitroep: "Het ek maar op aarde geluister toe daar aan my gesê is dat ek my moet bekeer". Hierdie beker word sonder ophou gedrink.

UITSIG

- Lees Psalm 23.
- Dank God dat Christus in jou plek die drinkbeker van smart op Golgota gedrink het.
- Dank God dat Hy verlate was, sodat jy nooit van God vervreem hoef te wees nie.

UITKOMS**OORSIG****Vers 17**

Wanneer alles op hulle donkerste lyk, is daar vir die volk van die Here uitkoms.

INSIG

Elke donker wolk het 'n goue rand. Hierdie spreekwoord hou die vlam van hoop in die harte van God se volk brandende. Ook vir die volk van God sal daar uitkoms wees. Want die dag van die Here het twee kante. Vir die vyande van God en van sy volk is hierdie 'n dag van benoudheid. Maar vir die verdrukke volk van die Here is hierdie 'n dag van uitbundige vreugde. Want op hierdie dag word hulle uit die wrede hand van die onderdrukker weggeruk.

In Ou-Testamentiese taal teken OBADJA die berg Sion in Jerusalem as die sentrum waar almal wat aan die wêreldgerig van God gaan ontkom, sal woon. Hulle sal nie net daar *veilig* woon nie. Maar hulle sal ook daar *heilig* woon. Die klip-hart wat God se oordele oor hulle in geroep het, sal Hy verander in 'n hart van vleis wat brand van warm liefde vir Hom. Hulle harte sal ook nie meer vol angs vir môre wees nie.

Sion sal 'n heiligdom wees. Hier sal die lofsange tot God die Almagtige opklink. Hier sal weer offers met liefde gebring word vir Hom, die Redder van sy volk. Hier sal God se volk, sy kerk, weer beantwoord aan die doel waarvoor God die mens geskape het, naamlik om te leef tot eer van God.

Die kerk sal nie net behou word nie en die kerk sal nie net heilig wees nie. Die volk van Jakob sal weer sy besittings in besit neem. Wat OBADJA hier profeteer, het tog nie letterlik alles net so gebeur nie. Die Bybelse geskiedenis vertel dit ook nie aan ons nie. Onthou altyd dat Christus die sentrum van die Bybel is. Daarom moet jy die Christus en die vervulling in Hom in die Bybel soek. Ook hier. Daarom teken OBADJA hier in Ou Testamentiese taal hoe dit eenmaal op die nuwe aarde sal wees.

Maar voor die einde sal die wêreld, waarvan Edom die verteenwoordiger is, die kerk, waarvan Israel die verteenwoordiger is, verdruk. Die wêreld sal hom verlekke in die leed van die kerk. Deur hierdie verdrukking heen sal die ware gelowiges al hoe meer van die skyngelowiges geskei word. Dan sal die ware gelowiges dit naderhand so moeilik hê dat hulle met trane sal uitroep: "Kom., Here Jesus, ja kom gou!"

Wanneer Christus weer kom, verlos Hy sy kerk. Dan mag die kerk al die beloftes van God in besit neem. Op die nuwe aarde kan geen slang meer in die paradys kom nie. Die konings sal hulle eer en heerlikheid in die nuwe Jerusalem inbring.

UITSIG

- Lees Openbaring 21.
- Bid jy ook vir die wederkoms van Christus? Verlang jy ook daarna?

BROEDERLIEFDE**OORSIG****Vers 18a**

Hoe goed, hoe mooi is dit as broers eensgesind saamwoon (Ps. 133:1)

INSIG

Edom is die aartsvyand van Israel. Maar Edom is ook die beeld en die verteenwoordiger van almal wat in die verlede, hede en toekoms die kerk van die Here probeer vernietig. Herodes, met sy kindermoord te Betlehem, was ook 'n Edomiet. Daarom is Edom in die laaste instansie ook die verteenwoordiger van die Antichris.

Edom gaan vernietig word. In vers 18 vertel OBADJA hoe dit gaan gebeur. In die eerste instansie sal God daarvoor verantwoordelik wees. Maar die Here gebruik mense as werktuie in sy hand. Daarom vertel OBADJA wie vir Edom tot 'n ashoop gaan maak. Dit gaan broer en broer wees. Jakob en Josef sal die krakende vlamme van vernietiging in hulle hande hou.

Josef verteenwoordig die Tienstammeryk. Onder Rehabeam skeur die ryk van Israel in twee dele: die tien noordelike stamme, (die Tienstammeryk) en die twee suidelike stamme Benjamin en Juda.

Gewoonlik gebruik die profete van die Ou Testament die naam van die vernaamste stam, Efraim, om daarmee die Tienstammeryk aan te dui. Maar OBADJA gebruik die naam Josef. Hy doen dit met 'n doel. In die huis van Jakob beklee Josef 'n besondere posisie. Hy is die lieflingseun. Hy gebruik ook die naam Jakob om die stamme van Juda en Benjamin aan te dui.

Die sonde van twis en tweedrag het reeds eeue vantevore in die huis van Jakob sy verwoestingswerk gedoen. Die vlam van die jaloesie brand meestal hoog wanneer daar twee vroue en een man in die huis is. Die diep smart van Samuel se moeder getuig ook hiervan. Die veelwywery van Jakob het soos 'n kanker deur al die stamme en in al die geslagte van Israel gevreet. Die boek *Rigters* vertel van die brute geweld onder mekaar. Na die skeuring van die ryk staan hulle gedurig in haat teenoor mekaar.

Maar dan kom Edom as 'n gemeenskaplike bedreiging. Nou besef altwee ryke dat hulle mekaar nodig het. Nou moet hulle saamstaan. So skep God ook die nood om broers, uiteengedryf deur hulle minagting vir mekaar, weer bymekaar te bring. Is dit nie verskriklik dat broers mekaar slegmaak nie? Is dit nie verskriklik om mekaar met riooltaal vuil te smeer nie? Is dit nie verskriklik dat broers so maklik die slegste en die lelikste in mekaar raaksien nie?

Daarom is nood ook 'n seën van God. God gebruik die nood om twistendes in een hoek saam te jaag. God bring hulle by mekaar deur albei met hulle rug teen die muur te laat staan. So stuur die Here ook die Antichris om aan die einde sy kerk, verskeur en uitmekaargejaag deur twis, bymekaar te bring. Aan die einde moet die kerk van die Here met sy rug teen die muur staan. Hy sien hoe die wolf met sy druipende bek nadersluip om die arme skaaplam te ver skeur.

Wanneer broers op hulle knieë staan met die rug teen die muur, moet hulle die hande saamvou. Dan moet hulle bid om die wederkoms. En op hierdie smeking van die kerk sal Christus kom.

UITSIG

- Lees Psalm 133.
- Bid om die wederkoms van Christus. Want op die nuwe aarde sal die gelowiges werklik as broers saamwoon.

DIE VUUR VAN DIE HEILIGE GEES**OORSIG****Vers 18a**

Die vuur van die Heilige Gees dui die krag van God se volk aan.

INSIG

Wat die verenigde Israeliete, en Josef, gaan doen, word vir ons in die vorm van 'n beeld uitgedruk. Dit is die beeld van 'n knetterende vuur met sy rooi vlamme wat strooi tot swart as verbrand. Hierdie beeld was reeds aan Jesaja bekend (vergelyk Jes. 5:24; 10:17). Joël praat ook daarvan (Joël 2:5).

Dalk het jy al 'n grasbrand gesien. Jy het gesien hoe die vlamme hoog in die lug opskiet. Jy het aanskou hoe vinnig so 'n vuur voortknetter. Dit is hierdie vuur waarvan OBADJA praat. Hy vertel hoe die stoppels aan die brand gestek word. Hy sê hoedat die vlamme 'n maklike prooi vind sodat dit alles verteer.

Hierdie vuur is die beeld van God se toorn. OBADJA moet dit aankondig aan die Edomiete wat so lekkergekry het toe Israel in sy smart gesnik het. In plaas van troos, lag Edom die smaal-lag van die vergenoegde toeskouer. Soos vlamme wat knetter en die stoppelland met die swart lanferkleed van die dood agterlaat, so sal die vuur en die vlamme wat van Jakob en Josef uitgaan, vir Esau (Edom) verteer. Die beeld van die vlamme en die vuur is die beeld wat gebruik word om die krag van Israel aan te dui.

In Israel kry die kerk van die Ou Testament gestalte. Hierdie kerk is swak. Hy is sonder krag. Boonop is hy verdeeld. Maar deur die krag van God word die verdeeldheid opgehef. Dan skuil daar in hierdie swak kerk 'n geweldige krag. Dit is die krag van die vuur, die krag van die ontploffing. Wanneer jy hierdie woorde van OBADJA lees, spring jou gedagtes dadelik na die Nuwe Testament. Daar word ook van vuur gepraat. Daar word aan ons vertel van vlamme-tonge. Die vlamme van die Here daal op die dissipels. Hulle word vervul met die vuur van die Heilige Gees. Hierdie klein, swak kerkie van die Nuwe Testament word soos 'n vuur wat vlamwend en daverend voortbrand.

Die krag van God se kerk lê nie soos die van die wêreld in die swaard nie. Petrus kap in die tuin van Getsemane die oor van die slaaf met die swaard af. Hy wil Christus verdedig. Maar beveel Christus vir Petrus om die swaard in sy skede te steek. Die krag van die kerk lê nie in die swaard nie, maar in vuur, die vuur van die Heilige Gees. Dit is die vuur van die Heilige Gees wat die stoppels van die sonde afbrand en verteer.

Daarom is dit die vuur van die Heilige Gees wat in die kerk moet brand. Hierdie vuur bestaan in die grootste gawe van die Heilige Gees, die liefde.

UITSIG

- Lees 1 Korintiërs 13 in die 1983-vertaling asook 1 Korintiërs 12:31 en 13 in die 1933-vertaling.
- Bid dat die grootste gawe van die Heilige Gees ook in jou hart en in die harte van jou vriende geopenbaar sal word.

HERSTEL**OORSIG****Vers 19**

Die geskiedenis van God se volk loop nie dood in ondergang en vernietiging nie, maar in herstel.

INSIG

Die woorde van vers 19 is 'n vervolg op vers 17b. Daar word gesê dat Jakob weer sy besittings in besit sal neem. Hier word gesê hoe die besittings van Jakob sal lyk.

Die gebied, soos OBADJA dit hier beskryf, beslaan 'n baie groot oppervlakte. Dit omvat selfs die gebied van die Edomiete. Verder bevat dit die hele noordelike Palestina (die gebied van Efraim en die veld van Samaria). Toe OBADJA hierdie profesie uitgespreek het, was die gebied van die tien stamme nie eers meer in hulle eie hande nie. Hulle was al lankal deur die Assiriërs in ballingskap weggevoer.

Hierdie profesie van OBADJA is blykbaar nooit letterlik vervul nie. Ons lees nêrens in die Bybel daarvan nie. Dit was ook nie die bedoeling van die Here dat die profesie juis letterlik vervul moet word nie. Die letterlike vervulling daarvan is nie al wat tel nie.

OBADJA praat in profetiese taal. Hy profeteer dat die volk van die Here baie meer terug sal ontvang as wat hulle gehad het. Alles wat deur vreemdes in besit geneem is, sal weer aan die volk teruggegee word. OBADJA praat dus in woorde waarvan die diepe betekenis agter 'n sluier verborge lê.

Obadja se blik is nog beperk. Hy spreek nog in Ou-Testamentiese taal. Maar sy profesie gaan oor grense heen. Dit deurbreek die grense van die Ou Testament. Dit skuif aan tot by die grense van die Nuwe Testament, en dit reik oor die grense van die Nuwe Testament verder.

Want hierdie profesie word eers werklik vervul met die wederkoms van Christus. In die Nuwe Testament sê Hy dat die sagmoediges die aarde sal beërwe. Onder hulle is daar nie baie invloedryke mense nie. Daar is nie baie aansienlikes en edeles nie. In die oë van die wêreld is hierdie eenvoudiges veragtelik. Hulle met hulle godsdiens en vroom gesigte. Vir hulle, Jakob - die volk van God in die Nuwe Testament, sal Edom - die Antichris - die wêreld so donker maak dat hulle biddend op hulle knieë sal smeek: "Kom, Here Jesus, kom gou!".

Dan sal hierdie wêreld, wat van hulle deur die grotes van die aarde weggeneem is, aan hulle teruggegee word. Maar dit sal 'n ander aarde wees. Hierdie aarde sal nuut gemaak word.

Telkens wanneer dit lyk asof die ondergang van die kerk van die Here naby is, is dit God self wat ingryp. Dit is Jesus Christus wat sy kerk herstel. Dit is Hy wat aan die kerk teruggee wat hom toekom. Dit is die Heilige Gees, die vuur van God, wat herstel. Telkens in die kerkgeskiedenis, wanneer dit gelyk het asof die kerk ondergaan, word dit herstel. Maar die finale herstelling, waarvan OBADJA hier profeteer, sal die nuwe aarde wees.

UITSIG

- Lees Job 42:9 -17.
- Bid gedurig vir die wederkoms van Christus en daarstelling van die nuwe aarde, die eiendom van die kerk wat nou verdruk word maar dan triomfeer.

DIE KERK SAL SY ERFDEEL IN BESIT NEEM**OORSIG****Vers 20**

Die ballinge van wie hier gepraat word, verteenwoordig die kerk van die Here.

INSIG

OBADJA praat hier van 'n baie groter gebied as waarvan hy in vers 19 praat. Kanaän sal in besit geneem word tot by Sarfat. Met die woord "Kanaäniete" word hier nie bedoel die mense wat in Kanaän gewoon het toe Josua die land in besit geneem het nie. Hier word 'n groep mense bedoel wat noord van die berg Karmel aan die Middellandse See gewoon het. Heel waarskynlik was hulle Fenisiërs. Die woord Sarfat wys hierop. Sefarad, so word vermoed, is weer 'n plek iewers in Persië.

Die Here verleen ook aan Obadja, as profeet, die genade om die toekoms te kan oorsien. Hy sien twee groepe ballinge. Daar is ballinge uit die huis van Josef en ballinge uit die huis van Jakob - dus ballinge uit albei die Israelitiese koninkryke. Hy sien ballinge uit die Tienstammeryk en ballinge uit die ryk van Juda en Benjamin.

Ons lees in die Bybel van 'n terugkeer uit die ballingskap van die twee suidelike stamme Juda en Benjamin. Dit geskied onder Esra. Maar ons lees nie in die Bybel van 'n algemene terugkeer uit die ballingskap van die tien noordelike stamme nie. Verder word die ballinge voorgestel as 'n leër wat terugkeer om die gebied in besit te neem. Die gebied is ook baie groot: die noorde van Palestina en dan selfs tot in Persië. Die Bybelse geskiedenis vertel nie aan ons van so iets nie.

Die profesie is nie net vir die hede bedoel nie. Daarom sien hierdie profesie van OBADJA, soos vele ander Ou-Testamentiese profesieë, op die toekoms. In vers 17 word gesê dat die huis van Jakob sy besittings in besit sal neem. In vers 18 word die huis van Jakob by die huis van Josef gevoeg. Nou sê vers 20 aan ons wie die huis van Josef en Jakob is. Hulle is mense wat uit die ballingskap terugkeer. Hierdie groep wat terugkeer, word ballinge genoem.

Hierdie ballinge is dus net 'n sekere groep mense. Hulle is die mense wat uit die huise van Jakob en Josef oorgebly het. Hulle is diegene wat nie in die ballingskap agtergebly het nie, maar teruggekeer het. Die kerk van die Here bestaan nie uit elkeen wat hom of haarself 'n gelowige noem nie. Dit is nie elkeen wat "Here, Here" sê, wat 'n gelowige is nie. Die ware gelowiges is diegene vir wie die ballingskap nie 'n aangename verblyfplek geword het nie. Dit is hulle wat verlang na die land van herkoms. Hulle sal hulle erfdeel in besit neem.

'n Balling woon in 'n land wat nie sy eie is nie. So is die kerk van die Here ook 'n balling op hierdie aarde. Hier is die gelowiges soos bywoners. Hierdie aarde is nie hulle woonplek nie. Want hulle is, deur hulle sonde, uit hulle land, die paradys, geban. Wanneer Christus weer kom, sal die gelowiges wees soos ballinge wat terugkeer na hulle vaderland, die paradys (waaruit hulle geban is) of die nuwe aarde, om hierdie erfdeel in besit te gaan neem.

UITSIG

- Lees Efesiërs 2:19 en Hebreërs 11:13. Hierdie aarde is nie jou woonplek nie. Jou woonplek is die ewige paradys wat jy deur jou sonde verloor het. God het die mens hieruit geban.
- Bid vir die wederkoms van Christus wanneer die gelowiges weer hierdie verlore paradys - dan die nuwe aarde — in besit sal neem.

DIE HERSTEL VAN DIE KONINGSKAP VAN GOD**OORSIG****Vers 21**

God se optrede teen Edom en al sy vyande gaan nie om hulle vernietiging nie maar om die herstel van sy koningskap.

INSIG

Ons lees in Obadja verse 3 en 4 van die gebergte van Edom. Vanaf daardie gebergte en die stryd wat daar gevoer word, verskuif die toneel aan die slot van OBADJA na die berg Sion.

Sion is die baie bekende berg in Jerusalem. Jerusalem was in daardie tyd die hoofstad van die twee ryke Juda en Benjamin. Op die berg Sion staan die tempel van God. Daarom is Sion die middelpunt van die verlore Israel. Maar Sion is ook die beeld van God se woonplek.

OBADJA gebruik beeldende taal om dinge in hierdie vers te beskryf. Hy is 'n skilder wat nog met die Ou-Testamentiese palet skilder. Daarom praat hy ook van die verlostes of bevrydes wat die gebergte van Esau sal oordeel of daarvoor sal regeer. Wanneer OBADJA so praat, bedoel hy met sy woorde ook die inwoners van die gebergte van Esau.

Edom, aan die ander kant, is weer die verteenwoordiger van al die heidense volke. Ons het vantevore gesê dat Jakob die verteenwoordiger is van die kerk van die Here en Edom die verteenwoordiger van die Antichristelike mag. So skilder OBADJA dan in Ou-Testamentiese woorde 'n profesie wat in die Nuwe-Testamentiese tyd in vervulling gaan.

Wat OBADJA dus eintlik teken, is die herstel van die koninkryk van God. Die mens sou as koning oor die aarde heers. Dit was God se oorspronklike bedoeling met die mens. Maar die mens het die pad van die Satan gevolg. So het die mens vyand van God geword. Wanneer God egter teen sy vyande optree, gaan dit nie bloot net daarvoor dat God hulle wil vernietig nie. Maar dit gaan daarvoor dat God sy koningskap duidelik wil laat blyk.

Hierdie aarde, waaroor die Satan beheer probeer uitoefen, moet weer na God terugkeer. Ons moet dit nie so beskou dat hierdie aarde met die sondeval uit God se hande geglip het nie. God het nog die aarde onder sy heerskappy, alhoewel die Satan alles in sy vermoë doen om dit heeltemal onder sy mag te kry. Satan se duiwelse invloed is soos 'n suurdeeg wat die aarde deursuur. Van die duiwelse gees op die aarde moet die aarde gereinig word. Hierdie aarde sal weer vernuut moet word.

Hier word gepraat van verlossers. Met hulle word bedoel manne vol van die Heilige Gees wat as baanbrekers van God moet optree. Hierdie profesie word deur die loop van die eeue vervul. Dink maar aan Johannes die Doper, die apostels en die kerkvaders. Daarom bereik die profesie van OBADJA ook sy pragtige slot in hierdie woorde: "en die heerskappy sal aan God behoort." Hierdie profesie bereik sy hoogtepunt met die wederkoms van Christus wanneer alles en almal onder sy heerskappy sal kom.

UITSIG

- Lees 1 Korintiërs 3:9.
- God wil ons as sy medewerkers gebruik in sy koninkryk. Ook jy is God se medewerker. Bid dus gereeld: "Laat U koninkryk kom."